# GOVERNMENT NOTICES
# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTMENT OF AGRICULTURE
## DEPARTEMENT VAN LANDBOU

**No. R. 1210** **29 August 2003**

AGRICULTURAL PRODUCT STANDARDS ACT, 1990
(ACT No. 119 OF 1990)

**REGULATIONS RELATING TO THE GRADING, PACKING AND MARKING OF WHEAT INTENDED FOR SALE IN THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA: AMENDMENT**

The Minister of Agriculture, acting under section 15 of the Agricultural Product Standards Act, 1990 (Act No. 119 of 1990) –

(a) made the regulations in the Schedule; and

(b) determined that the said regulations shall come into operation on 1 October 2003.

**SCHEDULE**

***Definitions***

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice No. R. 905 of 10 July 1998, as amended by Government Notices Nos. R. 1421 of 6 November 1998, R.876 of 14 September 2001 and R. 979 of 19 July 2002.

***Amendment of regulation 1 of the Regulations***

2. Regulation 1 of the Regulations is hereby amended by the substitution for the definition of "field fungi infected kernels" of the following definition.

"'**field fungi infected kernels**' means wheat kernels that are visibly infected with fungi, and that –

(a) clearly have greyish brush-ends that are discoloured as a whole; or

(b) have a dull, lifeless, chalky or pinkish and shrunken appearance as a result of *Fusarium* infection;".

***Amendment of regulation 2 of the Regulations***

3. Regulation 2 of the Regulations is hereby amended by the substitution of paragraphs (a) and (b) of subregulation (1) of the following paragraphs:

"(a) unless the wheat is sold according to the classes set out in regulation 3;

(b) unless the wheat complies with the standards for the classes set out in regulation 4;".

***Amendment of regulation 3 of the Regulations***

4. Regulation 3 of the Regulations is hereby substituted of the following regulation:

***"Classes of wheat***

3. The classes of wheat are –

(a) Class Bread Wheat;

(b) Class Biscuit Wheat;

(c) Class Durum Wheat; and

(d) Class Other Wheat.".

***Amendment of regulation 4 of the Regulations***

5. Regulation 4 of the Regulations is hereby amended by –

(a) the substitution for the heading of the following heading:

"***Standards for classes***";

(b) the substitution for paragraph (a) of subregulation (2) of the following paragraph:

"(a) A consignment of wheat shall be classified as Class Bread Wheat if –

(i) it consists of at least 95 per cent (m/m) of one or more of the bread wheat cultivars specified in the cultivar list;

(ii) it complies with the standards for Grade 1, Grade 2, Grade 3, Grade 4 or Utility Grade set out in regulation 6."; and

(c) the deletion of paragraph (b) of subregulation (2).

***Amendment of regulation 5 of the Regulations***

6. Regulation 5 of the Regulations is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of subregulation (1) of the following paragraph:

"(a) Class Bread Wheat –

(i) Grade 1;

(ii) Grade 2;

(iii) Grade 3;

(iv) Grade 4; and

(v) Utility Grade.".

***Amendment of regulation 6 of the Regulations***

7 Regulation 6 of the Regulations is hereby amended by –

(a) the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

"(1) Subject to the provisions of subregulations (2), (3) and (4), a consignment of wheat shall be graded as –

(a) Super Grade, in the case of durum wheat, if the nature of deviation, specified in column 1 of Table 1 of the Annexure, in that consignment does not exceed the percentage specified in column 2 of the said table opposite the deviation concerned;

(b) Grade 1 if the nature of deviation, specified in column 1 of Table 1 of the Annexure, in that consignment does not exceed the percentage specified in column 3 of the said table opposite the deviation concerned;

(c) Grade 2 if the nature of deviation, specified in column 1 of Table 1 of the Annexure, in that consignment does not exceed the percentage specified in column 4 of the said table opposite the deviation concerned;

(d) Grade 3 if the nature of deviation, specified in column 1 of Table 1 of the Annexure, in that consignment does not exceed the percentage specified in column 5 of the said table opposite the deviation concerned;

(e) Grade 4 if the nature of deviation, specified in column 1 of Table 1 of the Annexure, in that consignment does not exceed the percentage specified in column 6 of the said table opposite the deviation concerned;

(f) Utility Grade if the nature of deviation, specified in column 1 of Table 1 of the Annexure, in that consignment do not exceed the percentage specified in column 7 of the said table opposite the deviation concerned.";

(b) the substitution for subregulation (2) of the following subregulation:

"(2) (a) The minimum hectolitre masses for different grades in the case of Class Bread Wheat are as follows:

(i) Grade 1 - 77 kg.

(ii) Grade 2 - 76 kg;

Grade 3 - 74 kg;

Grade 4 - 72 kg;

(v) Utility Grade - 70 kg.

(b) The minimum hectolitre masses for different grades in the case of Class Durum Wheat and Class Biscuit Wheat are as follows:

(i) Super grade - 79 kg;

(ii) Grade 1 - 76 kg;

(iii) Grade 2 - 74 kg.".

(c) the substitution for subregulation (3) of the following subregulation

"(3) (a) Grade 1, Grade 2 and Grade 3 shall, in the case of Class Bread Wheat and Super Grade, Grade 1 and Grade 2, in the case of Class Durum Wheat, have a minimum falling number value of not less than 250 seconds;

(b) Grade 4 shall, in the case of Class Bread Wheat, have a minimum falling number value of not less than 200 seconds;

(c) Utility Grade shall, in the case of Class Bread Wheat have a minimum falling number value of not less than 150 seconds; and

(d) Notwithstanding the provision of paragraph (a), wheat shall be deemed to comply with the requirements of the paragraph concerned if it deviates with not more than 30 seconds lower than the minimum prescribed for Super grade, in the case of durum wheat, Grade 1, Grade 2 and Grade 3, as the case may be.".

(d) The insertion of the following subregulation after subregulation 4:

"(5) The minimum protein content (on a 12 per cent moisture basis) for the different grades, in the case of Class Bread Wheat, shall be as follows:

(a) Grade 1 - 12 per cent;

(b) Grade 2 - 11 per cent;

(c) Grade 3 - 10 per cent;

(d) Grade 4 - 9 per cent; and

(e) Utility Grade - 8 per cent.".

***Amendment of regulation 8 of the Regulations***

8. Regulation 8 of the Regulations is hereby substituted of the following regulation:

"(8) (1) Every container or the accompanying sale documents of a consignment of wheat shall be marked or endorsed by means of appropriate symbols specified in subregulation (2), with –

(a) the class of the wheat; and

(b) the grade, in the case of Class Bread Wheat, Class Biscuit Wheat and Class Durum Wheat.

(2) The symbols referred to in subregulation (1) shall appear in order of class and grade.

(3) The symbols used to indicate the different –

(a) classes shall be –

(i) B in the case of Class Bread Wheat;

(ii) C in the case of Class Biscuit Wheat;

(iii) D in the case of Class Durum Wheat; and

(iv) O in the case of Class Other Wheat;

(b) grades shall be –

(i) S in the case of Super Grade;

(ii) 1 in the case of Grade 1

(iii) 2 in the case of Grade 2;

(iv) 3 in the case of Grade 3;

(v) 4 in the case of Grade 4; and

(vi) UT in the case of Utility Grade.".

***Amendment of Annexure of the Regulations***

Annexure of the Regulations is hereby amended by the substitution for Table 1 of the following table:

**ANNEXURE/AANHANGSEL**

**TABLE 1/TABEL 1**

**STANDARDS FOR GRADES OF CLASS BREAD WHEAT, CLASS BISCUIT WHEAT AND CLASS DURUM WHEAT/STANDAARDE VIR GRADE VAN KLAS BROODKORING, KLAS BESKUITJIEKORING EN KLAS DURUMKORING**

| Nature of deviation/ Aard van afwyking | Maximum percentage permissible deviation (m/m)/ Maksimum persentasie toelaatbare afwyking (m/m) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Super Grade* Super-Graad* | Grade 1/ Graad 1 | Grade 2/ Graad 2 | Grade 3/ Graad 3 | Grade 4/ Graad 4 | Utility Grade/ Utiliteits-graad |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| (a) Heavily frost-damaged kernels/ Erg rypbeskadigde korrels [Reg. 21] | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 10 |
| (b) Field fungi infected kernels/Veld-swambesmette korrels [Reg. 27] | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 |
| (c) Storage fungi infected kernels/ Opbergingswambesmette korrels [Reg. 27] | 0,5 | 0,5 | 0,5 | 0,5 | 0,5 | 0,5 |
| (d) Screenings/Sifsels [Reg. [19] | 3 | 3 | 3 | 3 | 3 | 10 |
| (e) Other grain and unthreshed ears/ Ander graan en ongedorste are [Reg. 22] | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 4 |
| (f) Gravel, stones, turf and glass/ Gruis, klippies, turf en glas [Reg. 23] | 0,5 | 0,5 | 0,5 | 0,5 | 0,5 | 0,5 |
| (g) Foreign matter including gravel, stones, turf and glass: Provided that such deviations are individually within the limits specified in item (f)/ Vreemde voorwerpe met inbegrip van gruis, klippies, turf en glas: Met dien verstande dat sodanige afwykings individueel binne die perke is in item (f) aangegee [Reg. 23] | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 3 |
| (h) Heat-damaged kernels/Hittebe-skadigde korrels [Reg. 26] | 0,5 | 0,5 | 0,5 | 0,5 | 0,5 | 0,5 |

| Nature of deviation/ Aard van afwyking | Maximum percentage permissible deviation (m/m)/ Maksimum persentasie toelaatbare afwyking (m/m) | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Super Grade* Super-Graad* | Grade 1/ Graad 1 | Grade 2/ Graad 2 | Grade 3/ Graad 3 | Grade 4/ Graad 4 | Utility Grade/ Utiliteits-graad |
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 |
| (i) Damaged kernels, including heat-damaged kernels: Provided that such deviations are individually within the limit specified in item (h) and provided further that the minimum falling number value prescribed in regulation 6(3) for the grade concerned is at least complied with/Beskadigde korrels met inbegrip van hittebeskadigde korrels: Met dien verstande dat sodanige afwyking individueel binne die perke is in item (h) aangegee en met dien verstande voorts dat minstens aan die minimum valgetalwaarde in regulasie 6(3) vir die betrokke graad voorgeskryf, voldoen word [Reg. 25] | 2 | 2 | 2 | 2 | 2 | 5 |
| (j) Deviations in items (d), (e), (g) and (i) collectively: Provided that such deviations are individually within the limits of the said items/ Afwykings in items (d), (e), (g) en (i) gesamentlik: Met dien verstande dat sodanige afwykings individueel binne die perke van genoemde items is | 5 | 5 | 5 | 5 | 5 | 10 |

Only in the case of Class Durum Wheat/Slegs in die geval van Klas Durumkoring.

**No. R. 1210** **29 Augustus 2003**

WET OP LANDBOUPRODUKSTANDAARDE, 1990
(WET No. 119 VAN 1990)

**REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING, VERPAKKING EN MERK VAN KORING BESTEM VIR VERKOOP IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA: WYSIGING**

Die Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 15 van die Wet op Landbouprodukstandarade, 1990 (Wet No. 119 van 1990) –

(a) het die regulasies in die Bylae uitgevaardig; en

(b) bepaal dat die genoemde regulasies op 1 Oktober 2003 in werking tree.

**BYLAE**

***Woordomskrywing***

1. In hierdie Byale beteken "die Regulasies" die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 905 van 10 Julie 1998, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings Nos. R. 1421 van 6 November 1998, R.876 van 14 September 2001 en R. 979 van 19 Julie 2002.

***Wysiging van regulasie 1 van die Regulasies***

2. Regulasie 1 van die Regulasies word hierby gewysig deur die woordomskrywing vir "veldswambesmette korrels" deur die volgende woordomskrywing te vervang:

**'veldswambesmette korrels'** koringkorrels wat sigbaar met swamme besmet is, en wat –

(a) duidelik grysagtige kwas-ente, wat as geheel verkleur is, het; of

(b) as gevolg van *Fusarium*-besmetting 'n dowwe, lewelose, krytagtige of pienkerige en verkrimpte voorkoms het;".

***Wysiging van regulasie 2 van die Regulasies***

3. Regulasie 2 van die Regulasies word hierby gewysig deur paragrawe (a) en (b) van subregulasie (1) deur die volgende paragrawe te vervang:

"(a) tensy die koring verkoop word volgens die klasse in regulasie 3 uiteengesit;

(b) tensy die koring voldoen aan die standaarde vir die betrokke klas in regulasie 4 uiteengesit;".

***Wysiging van regulasie 3 van die Regulasies***

4. Regulasie 3 van die Regulasies word hierby vervang deur die volgende regulasie:

"***Klasse koring***

3. Die klasse koring is –

(a) Klas Broodkoring;

(b) Klas Beskuitjiekoring;

(c) Klas Durumkoring; en

(d) Klas Ander Koring.".

***Wysiging van regulasie 4 van die Regulasies***

5. Regulasie 4 van die Regulasies word hierby gewysig deur –

(a) die vervanging van die titel deur die volgende titel:

***"Standaarde vir klasse"***;

(b) paragraaf (a) van subregulasie (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) 'n Besending koring word as Klas Broodkoring geklassifiseer indien –

(i) dit bestaan uit minstens 95 persent (m/m) van een of meer van die broodkoringkultivars in die kultivarlys bepaal; en

(ii) dit voldoen aan die standaarde vir Graad 1, Graad 2, Graad 3, Graad 4 of Utiliteitsgraad in regulasie 6 uiteengesit."; en

(c) paragraaf (b) van subregulasie (2) te skrap.

***Wysiging van regulasie 5 van die Regulasies***

6. Regulasie 5 van die Regulasies word hierby gewysig deur paragraaf (a) van subregulasie (1) deur die volgende te vervang:

"(a) Klas Broodkoring –

(i) Graad 1;

(ii) Graad 2;

(iii) Graad 3;

(iv) Graad 4; en

(v) Utiliteitsgraad.".

***Wysiging van regulasie 6 van die Regulasies***

7. Regulasie 6 van die Regulasies word hierby gewysig deur –

(a) subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) Behoudens die bepalings van subregulasies (2), (3) en (4) word 'n besending koring gegradeer as –

(a) Supergraad, in die geval van durumkoring, indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie in kolom 2 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie;

(b) Graad 1 indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie

in kolom 3 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie;
Graad 2 indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie in kolom 4 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie;

(d) Graad 3 indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie in kolom 5 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie;

(e) Graad 4 indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie in kolom 6 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie;

(f) Utiliteitsgraad indien die aard van afwyking, in kolom 1 van Tabel 1 van die Aanhangsel gespesifiseer, in daardie besending nie die persentasie in kolom 7 van genoemde tabel teenoor die betrokke afwyking gespesifiseer, oorskry nie.";

(b) subregulasie (2) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(2) (a) Die minimum hektolitermassas vir die verskillende grade in die geval van Klas Broodkoring is soos volg:

(i) Graad 1 - 77 kg;

(ii) Graad 2 - 76 kg

(iii) Graad 3 - 74 kg

(iv) Graad 4 - 72 kg;

(v) Utiliteitsgraad - 70 kg.

(b) Die minimum hektolitermassas vir die verskillende grade in die geval van Klas Durumkoring en Klas Beskuitjiekoring is soos volg:

(i) Supergraad - 79 kg

(ii) Graad 1 - 76 kg

(iii) Graad 2 - 74 kg.".

(c) subregulasie (3) deur die volgende subregulasie te vervang:

"(3) (a) Graad 1, Graad 2 en Graad 3 moet, in die geval van Klas Broodkoring en Supergraad, Graad 1 en Graad 2 moet, in die geval van Durumkoring, 'n minimum valgetalwaarde hê van nie minder as 250 sekondes nie.

(b) Graad 4 moet, in die geval van Klas Broodkoring, 'n minimum valgetalwaarde hê van nie minder as 200 sekondes nie:

(c) Utiliteitsgraad moet, in die geval van Klas Broodkoring, 'n minimum valgetalwaarde hê van nie minder as 150 sekondes nie; en

(d) Nieteenstaande die bepalings van paragraaf (a) word koring geag aan die toepaslike vereistes van die betrokke paragraaf te voldoen indien dit nie met meer as 30 sekondes laer as die minimum voorgeskryf vir Supergraad, in die geval van durumkoring, Graad 1, Graad 2 en Graad 3, na gelang van die geval, afwyk nie.".

(d) die invoeging van die volgende subregulasie agter subregulasie 4:

"(5) Die minimum proteïeninhoud (gemeet op 'n 12 persent vogbasis) vir die verskillende grade, in die geval van Klas Broodkoring, is soos volg:

(a) Graad 1 - 12 persent;

(b) Graad 2 - 11 persent;

(c) Graad 3 - 10 persent;

(d) Graad 4 - 9 persent; en

(e) Utiliteitsgraad - 8 persent.".

***Wysiging van regulasie 8 van die Regulasies***

8. Regulasie 8 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

"(8) (1) Elke houer of die meegaande verkoopsdokumente van 'n besending koring moet gemerk of geëndosseer word, met behulp van gepaste simbole in subregulasie (2) bepaal, met –

(a) die klas van die koring; en

(b) die graad, in die geval van Klas Broodkoring, Klas Beskuitjiekoring en Klas Durumkoring.

(2) Die simbole in subregulasie (1) bedoel moet in die orde van klas en graad, aangedui word.

(3) Die simbole gebruik as aanduiding van die verskillende -

(a) klasse is –

(i) B in die geval van Klas Broodkoring;

(ii) C in die geval van Klas Beskuitjiekoring;

(iii) D in die geval van Klas Durumkoring; en

(iv) O in die geval van Klas Ander Koring;

(b) grade is –

(i) S in die geval van Supergraad;

(ii) 1 in die geval van Graad 1;

(iii) 2 in die geval van Graad 2;

(iv) 3 in die geval van Graad 3;

(v) 4 in die geval van Graad 4; en

(vi) UT in die geval van Utiliteitsgraad.".

***Wysiging van die Aanhangsel van die Regulasies***

9. Die Aanhangsel van die Regulasies word gewysig deur Tabel 1 deur die volgende tabel te vervang: